

Erfenisstigting-argief

**Verw. PV 31**

**INVENTARIS VAN DIE  
O.J.O. FERREIRA-VERSAMELING**

Saamgestel deur: Petra Luus

Augustus 2019

Pretoria

### Voorwoord:

Ockert Jacobus Olivier (Cobus) Ferreira is in 1940 in die Onder-Kouga in die Oos-Kaap gebore en het aan die Hoërskool D.F. Malherbe in Port Elizabeth gematrikuleer. Sy naskoolse opleiding het soos volg verloop: BA (UP, 1962), THOD (NKP, 1963), BA (HONS) (UOVS, 1967), MA (UP, 1970), D Litt et Phil (UNISA, 1978) en DPhil (UP, 1994). Prof. Ferreira was 'n onderwyser (Hoërskool Lichtenburg), museumkundige (Oorlogsmuseum, Bloemfontein), dosent (Strydom-opleidingskool, Thaba Nchu), museumkundige (Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum, Pretoria) en hoofnavorsingsbeampte (Instituut vir Geskiedenisnavorsing, RGN) voordat hy as dosent en later professor in die Departement Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria aangestel is. Hy het in Junie 1998 afgetree en hom op Jeffreysbaai gevestig, waar hy hom voltyds besig gehou het met navorsingstemas wat oor die kontak tussen Suid-Afrika en Portugal handel.

Prof. Ferreira is die outeur/redakteur van veertien boeke en 'n tagtigtyl tydskrifartikels en was die redakteur van *Historia* en die *S.A. Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*. Sy lidmaatskap van vakverenigings sluit in die S.A. Vereniging vir Kultuurgeskiedenis (raadslid, 1982-1990, 1992-1994, 1996-1997, voorsitter 1988-1990), Historiese Genootskap van S.A. (bestuurslid, 1990-1994), S.A. Historiese Vereniging (sekretaris, 1995-1997). Hy was 'n lid van die Beheerraad van die Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria (1988-1996) en die Raad vir Heraldiek (1989-1997).

Die F.A.K. het in 1994 die Prestigeprys vir Geskiedenisbevordering aan prof. Ferreira toegeken, terwyl die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns hom in dieselfde jaar met die Erepenning vir Kultuurgeskiedenis vereer het. In 1998 is die Historiese Genootskap van S.A. se sertifikaat vir die bevordering van die vakke Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis aan hom toegeken, terwyl die Genootskap vir Afrikaanse Volkskunde hom in dieselfde jaar met die Erepenning vir Volkskultuur vereer het. In 2004 het die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns hom vir 'n tweede keer bekroon met die Erepenning vir Geskiedenis. Prof. Ferreira is op 12 September 2018 in Mosselbaai oorlede.

Die O.J.O. Ferreira-argiefversameling bestaan grootliks uit gekopieerde artikels en illustrasies wat vir sy navorsingswerk gebruik is. Daar is ook korrespondensie, dokumente oor Anna Neethling-Pohl en publikasies wat deur prof. Ferreira uitgegee is.

Die inventaris is alfabeties opgestel en die dokumente gehou net soos wat dit in die kartonhouers ontvang is.

## Inhoudsopgawe:

Bl

1. Afrikanerbond	1
2. Afrikaners	1
3. Anglo-Boereoorlog	1
4. Angola	1
5. Anna Neethling-Pohl	1
6. Artikels	1
7. Da Costa Leal	1
8. Diocleciano Das Neves	1
9. Ferreira biografiese inligting	1
10. Ferreira boeke	1
11. Ferreira briewe	1
12. Ferreira familie	2
13. Herdenkings	2
14. Ilha de Moçambique (Eiland van Mosambiek)	2
15. Kaarte	2
16. Langkloof	2
17. Luis vaz de Camões	2
18. Lyste	2
19. Manie Maritz	2
20. Montanha	2
21. Monumente, Gelofte en Bloedrivier	3
22. Mosambiek	3
23. Ontdekkingstogte	3
24. Portugal	3
25. Reisigers	3
26. Resensies	3
27. <i>Sagres en Suiderkruis</i> , deur prof Ferreira	3
28. <i>Serpa Pinto</i> , deur prof Ferreira	3
29. Skipbreuke	3
30. Stephanus Schoeman	3
31. Transparante (en manuskripte)	3
32. Universiteit van Pretoria	4
33. Zoutpansberg	4
34. Suid-Afrikaanse Republiek	4
35. Illustrasies / Foto's	4
36. Manuskripte	4
37. Publikasies	5
38. Oudiovisuele versameling	6
39. Toekennings	6